6. Die liefde handel nie onwelvoeglik nie (1 Kor 13:5).

Die Skrif sê: "Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel" (Heb 13:4). Paulus skrywe: "Maar vanweë die hoererye moet elke man sy eie vrou hê en elke vrou moet haar eie man hê" (1 Kor 7:2). Enige seksuele verbintenis buite die huwelik tussen een man en een vrou, is onsedelikheid. En skryf Paulus: "Want julle weet watter bevele ons julle deur die Here Jesus gegee het. Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery; dat elkeen moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer, nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie; dat niemand sy broeder in hierdie saak moet bedrieg en benadeel nie, omdat die Here 'n wreker is oor al hierdie dinge, soos ons aan julle vantevore gesê en betuig het. Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking. Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie 'n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het" (1 Tess 4:2-8).

Amnon het sy suster Tamar verkrag (2 sam 13:14-15). En om iemand te verkrag, is so goed as om 'n moord te pleeg (Deut 22:26). Dat God die sonde nie ongestraf laat verbygaan nie, is duidelik: "Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word; en die ou wêreld nie gespaar het nie, maar Noag, die prediker van geregtigheid, met sewe ander bewaar het, toe Hy die sondvloed oor die wêreld van goddelose mense gebring het; en deur die stede van Sodom en Gomorra tot as te verbrand, hulle tot ondergang veroordeel het en as 'n voorbeeld gestel het vir die wat in die toekoms goddeloos sou wees; en die regverdige Lot gered het, wat hom baie gekwel het oor die losbandige lewe van die sedelose mense; want deur wat hy gesien en gehoor het, het die regverdige man, wat onder hulle gewoon het, dag vir dag sy regverdige siel gepynig oor hulle wettelose werke – die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word; en veral die wat die vlees in vuile begeerlikheid agterna loop en die heerskappy verag" (2 Pet 2:4-10).

Petrus het ongetwyfeld gedink aan wat in Sodom gebeur het toe die manne, jonk en oud, voor die huis van Lot versamel het en vir Lot gesê het: "Waar is die manne wat vanaand na jou gekom het? Bring hulle uit na ons toe dat ons hulle kan beken" (Gen 19:5). Dit is om met hulle seksuele gemeenskap te kon hê. Dat dit nie 'n uitsonderlike geval is nie, spreek uit wat in Rigters 19:22-25 vertel word van slegte manne van die stad Gíbea wat by die huis van 'n ou man wat aan 'n reisiger oornag verskaf het, gekom en gesê het: "Bring die man uit wat in jou huis ingekom het, dat ons hom kan beken" (Rig 19:22).

Daarom word Israel ook in die wet van Moses teen dié soort praktyk gewaarsku waar ons lees: "Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel" (Lev 18:22). Omdat die verbod volg op 'n kultiese gebruik om kinders vir Molog deur die vuur te laat gaan (Lev 18:21), word deur sommige gereken dat die verbod op 'n man om met 'n man seksueel gemeenskap te hê, alleen verwys na so iets wanneer dit kulties gebruik word. Dit kan egter nie oortuig nie, want in Levitikus 18 word ook na ander misbruike verwys en in vers 26 word gesê: "Maar julle moet my insettinge en my verordeninge onderhou en niks van al hierdie gruwels doen nie – die kind van die land of die vreemdeling wat onder julle vertoef." Die verbod op 'n homoseksuele daad word ook in Levitikus 20 herhaal, waar dit nie saam met enige kultiese handeling vermeld word nie: "En as 'n man met 'n manspersoon gemeenskap het soos 'n mens met 'n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen. Hulle moet

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

sekerlik gedood word. Hulle bloedskuld is op hulle" (Lev 20:13). In Deuteronomium 23 lees ons: "Daar mag geen hoer uit die dogters van Israel wees nie; en daar mag geen skandseun uit die seuns van Israel wees nie. Jy mag geen hoereloon of hondeprys in die huis van die Here jou God as enige gelofte offer bring nie, want dié altwee is vir die Here jou God 'n gruwel" (Deut 23:17-18).

Jesus het gesê: "Moenie wat heilig is, aan die honde gee nie" (Matt 7:6). Hendriksen verklaar hierdie woorde soos volg: *"The office of the ministry, the eldership, and the diaconate must not be entrusted to the unqualified."* En beslis kwalifiseer nie een wat aan die volgende sondes skuldig is vir dié ampte nie: "Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie" (1 kor 6:10).

Die Griekse woord vir wellustelinge is μαλακοι en dui op: "*female instruments of unnatural lust*" (Bagster). Dit dui op 'n lesbiese verhouding tussen twee vroue. En die Griekse woord vir sodomiete is αρζενοκοιται wat saamgestel is uit twee woorde αρζγν (manlike) en κοιτη (bed). Dit dui op manlike bedmaats. Dit tel onder die sondes van diegene wat die koninkryk van God nie sal beërwe nie, tensy hulle hul bekeer: "En dit was sommige van julle; maar julle het julle laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God" (1 Kor 6:11).

Daar word beweer dat 'n lesbiese of homoseksuele verhouding dui op anders wees; mense wat so gebore is. Maar dit oortuig nie, want die Skrif noem dit 'n verhouding wat teen die natuur is: "Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus

teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang" (Rom 1:26-27). Om iets te doen wat teen die natuur is, beteken om nie so gebore te wees nie. Nie net die homoseksuele daad word afgekeer nie, maar selfs ook die begeerte daartoe: "Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee, om hulle liggame onder mekaar te onteer" (Rom1:24). Selfs deur net goedkeuring aan ander te gee om so iets te doen, word in die Skrif veroordeel: "Mense wat – al ken hulle die verordeninge van God goed, dat die wat sulke dinge doen die dood verdien – dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen" (Rom 1:32). Om dié dinge vir ander toe te laat, is nie ware liefde nie, want dan word diegene nie aangemoedig om 'n praktyk te los wat in die woord van God met die ewige verdoemenis bedreig word nie (1 Kor 6:10). Wie die oorwinningslewe van God ontvang het, doen nie sulke dinge nie.

7. Die liefde soek nie sy eie belang nie (1 Kor 13:5).

Die Skrif sê: "Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n" (Fil 2:4). Jonatan was die kroonprins, maar hy het geweet dat Dawid sy vader as koning gaan opvolg. Ons lees: "Daarop het Jónatan, die seun Saul, hom klaargemaak en na Dawid in Hores gegaan. En hy het hom bemoedig in God en vir hom gesê: Vrees nie, want die hand van Saul, my vader, sal jou nie vind nie, maar jy sal koning word oor Israel, en ek sal tweede onder jou wees; en my vader weet dit ook goed" (1 Sam 23:17). Jónatan het Dawid liefgehad met die liefde van sy siel (1 Sam 20:17).

Daarom het hy aan Dawid sy mantel, sy klere, sy swaard en sy boog en sy gordel gegee (1 Sam 18:4). Jónatan het nie sy eie belang gesoek nie. Wie die oorwinningslewe smaak, soek nie sy eie belang nie, maar ook die van ander.

Click here to get your free novaPDF Lite registration key